Heropening van eredienste

Ons is baie dankbaar en opgewonde om aan te kondig dat dienste onder Vlak 1 van die staat van inperking op Sondag, 4 Oktober 2020 by albei kerkgeboue sal hervat. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie nog nie soos in die verlede sal wees nie, en dat ons nog streng aan die regulasies soos afgekondig moet voldoen. Vir die voorsienbare toekoms tot verdere kennisgewing sal die volgende reëls streng toegepas moet word:

Algemeen

- Daar word besluit dat eredienste vanaf Sondag, 4 Oktober by beide geboue teen 50% kapasiteit sal hervat. Strenge protokol en veiligheidsmaatreëls sal gevolg word.
- Geen kinders sonder die toesig van 'n volwasse persoon sal toegelaat word nie.
- Geen koffie / tee mag bedien word nie.

Kusweg – 08h30

- Daar sal in totaal 150 sitplekke in die (1e) kerk, (2e) konsistorie en (3e) saal geallokeer word.
- Meting van temperatuur en handsanitasie sal by die ingang gedoen word.
- Dra van maskers bly verpligtend tydens die diens.
- Daar sal wel sang wees, maar met maskers. Twee voorsangers sal sonder maskers sing (voorste bank bly leeg).
- Kollekte sal slegs by die deur opgeneem word. 'n Persentasie daarvan sal aan die geallokeerde instansie (vir deurkollekte volgens almanak) oorbetaal word.

Lofsentrum – 10h00

- Daar sal 250 stoele in die saal en moederskamer uitgepak word.
- Meting van temperatuur en handsanitasie sal by die ingang gedoen word. Slegs hoofingang sal gebruik word vir ingang. Die Moederskamer skuifdeur sal na die diens oopgemaak word vir uitgang.
- Dra van maskers bly verpligtend tydens die diens.
- Daar sal wel sang wees, maar met maskers. Twee voorsangers sal sonder maskers sing (voorste bank bly leeg).
- Kollekte sal slegs by die deur opgeneem word. 'n Persentasie daarvan sal aan die geallokeerde instansie (vir deurkollekte volgens almanak) oorbetaal word.

Mid-week Dienste

- Die datum vir opening van die Mid-week Dienste sal nog met die rolspelers bevestig word.
- Diens van Barmhartigheid sal steeds die reëlings koördineer.
- Woensdae van 18h00 – 19h00.

Ander reëlings

- Kerkkantoor is weer oop vanaf Maandag, 5 Oktober 2020 (09h00 – 12h00).
- Voornemende Lidmate ter bevestiging – Woensdag, 7 Oktober 2020.
- Doopgesprek – Woensdag, 14 Oktober 2020.
- Begrafnisse en Troues kan weer voortgaan onder COVID protokols (albei geboue).

NB: Intussen moet al ons uitgawes nog steeds hanteer word. Ons wil lidmate aanmoedig om ons gemeente asseblief FINANSIËEL te bly ONDERSTEUN.